02 APRIL 2020
HERDERSBRIEF #19

Geliefde Gemeente,

Op die jaar kalender van die Kerk is dit die **lydingsweek**.

- Hoe grusaam het hulle Jesus nie vermoor nie;

- Hoe aaklig was Sy verwonding; Josephus – die historikus – wat ten tye van Jesus se kruisiging geleef het noem dat, Sy rug so oop verwond was, dat jy Sy longe kon sien. Op daardie rug moes Hy 'n ruwe kruishout-balk dra. Ten tye van die **Via Dolorosa**, het Hy onder daardie kruis gesteier;

- Met dor, oopgebarste lippe het Hy uitgeroep: ***"Ek het dors",*** en moes Hy met asyndruppels tevrede wees. Ek, wat by sterfbeddens gestaan het, weet wat die aard van 'n sterwensdors is, en om dan vir die sterwende met 'n asynspons te wil bedien;

- Hoe aller verskriklik is Sy spierweefsel in 'n vertikale posisie verwring, en tot die uiterste toe beproef? Soveel so, dat die versteuring van Sy diafragma, Hom in die laaste oomblikke, van normale asemhaling beroof het;

- Blootgestel aan son en vlieë: hangende tussen hemel en aarde;

- Hoe ontsettend moes dit nie vir Hom gewees het, toe die kruis in 'n vertikale posisie in daardie gat inval, met die geruk, en die gewigsverplasing, asook die penne wat Sy voete en hande deurboor het nie?

En nou kom die Woord van die Here tot ons. In ***Rom. 6:5*** *"Want as ons met Hom saamgegroei het deur die gelykvormigheid aan sy dood."*

Hoe aktueel en effektief is ons perspektief, ten opsigte van Sy dood? In hoe 'n mate verstaan ons, en het ons dit emosioneel asook selfs fisies beleef? Hoe intens is ons dankbaarheid? Hoe gewilliglik is ons oorgawe en gehoorsaamheid?

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Ons wat so ingesteld is: in ons mooi huise; aan ons gedekte tafels; ten opsigte van ons verdienste en inkomste? Is ons werklik gewillig, oortuig en gehoorsaam? Kan ons getuig dat ons: **“SAAM MET HOM GEGROEI HET DEUR DIE GELYKVORMIGHEID AAN SY DOOD?”**

Eers wanneer dit waar geword het, sal dit ‘n wesenlike uitwerking hê, op hoe ons Hom volg.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335